

Maandag

Skriflesing Joh. 3: 16 -18; Joh. 5: 26-28; 1 Joh. 4: 16 – 19. Open. 20: 11- 15. Tema “Die oordeel vir ons sonde is oor Christus gevel. Daarom is daar geen vonnis wat ons met die oordeelsdag sal moet uitdien nie.” Daar is ’n groot verskil tussen die hofsaak waarin jy aangekla, ondersoek en veroordeel word, en die inhegtenisname vir die uitdien van die tronkstraf. Die een gaan oor die hofsitting waar na die ondersoek die vonnis gevel word; die ander oor die gevange neem en opname in die tronk om die vonnis uit te dien. Die oordeelsdag van Opg 20 is nie die hofsaak van God oor sonde nie. Dit is die inhegtenisname en opname in die tronk deur God van hulle wat klaar gevonniss is om die tronkstraf uit te dien. Die oordeelsdag van Openbaring 20 wat nog kom, is nie weer ’n hofsitting van God oor sondaars nie. Die oordeelsdag wat kom, is die inbring van hulle wat klaar veroordeel is om hulle tronkstraf uit te dien. God gaan werklik hierdie huidige aardse bedeling waarin ons leef, afsluit met die voltrekking van God se vonnis oor elke mens wat van die begin van die skepping af geleef en gesterf het. Dit is die openbaring van die mag van Jesus Christus oor hierdie wêreld wat in Opg 20: 11-15 aangekondig word. Die regter in hierdie voltrekking van die tronkstraf is Jesus Christus self. Hy is die Een wat op die groot wit troon die inhegtenisname vir die tronkstraf inwerking stel. Dit doen die Here Jesus Christus deur elke mens weer uit die dood op te wek om mens te wees. Hy het die mag om hulle wat veroordeel is, gevange te laat neem en in God se tronk op te neem om hul vonnis uit te dien. Die dood en doderyk is nie die tronk nie en is ook nie ’n manier om die tronkstraf te ontsnap nie. Open.5:13 Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za Ds Petrus.

Dinsdag

Joh. 3: 16 -18; Joh. 5: 26-28; 1 Joh. 4: 16 – 19. Open. 20: 11- 15. Tema “Die oordeel vir ons sonde is oor Christus gevel. Daarom is daar geen vonnis wat ons met die oordeelsdag sal moet uitdien nie.” Die verrassing van Christus se koms in Bethlehem is dat Hy gekom het om die veroordeelde sondaar vir sondaars te word: “God het nie sy Seun na die wêreld toe gestuur om die wêreld te veroordeel nie, maar sodat die wêreld deur Hom gered kan word. Wie in die Seun glo, word nie veroordeel nie; wie nie glo nie, is reeds veroordeel omdat hy nie in die enigste Seun van God glo nie.” Joh.3:17,18. God se hofsaak teen sondaars het met Christus voor Pontius Pilatus plaasgevind. (Joh.18:28 – 19:16) Christus se veroordeling as sondaar maak die onderskeid tussen wie nie deur God ooit veroordeel word nie en wie klaar veroordeel is. Wie in Christus glo word nooit self veroordeel nie en wie nie in Jesus Christus glo nie, is klaar veroordeel. God se hofsaak teen sondaars het klaar gedien. Die ondersoek en verhoor is afgehandel, en die uitspraak is klaar gegee. Christus se wederkoms in Open. 20 is die inwerkingstelling van die vonnis wat klaar gevel is. Die boeke wat hier oopgemaak word, is nie ’n hofsitting wat weer oorgehou word nie. Dit is net die oopmaak van die afgehandelde hofrekords vir die inwerkingstelling van die tronkstraf wat uitgedien moet word. Die oordeelsdag is die dag wanneer die oordeel wat klaar gevel is in die veroordeling van Christus, uitgevoer word met die opname in God se tronk: hulle wat klaar veroordeel is sal

Christus in die vuurpoel van godverlatenheid gooi en hulle wat in Hom glo, sal Hy vir ewig met Hom laat leef sonder enige oordeel ooit. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za ds. Petrus

Woensdag

Joh. 3: 16 -18; Joh. 5: 26-28; 1 Joh. 4: 16 – 19. Open. 20: 11- 15. Christus het deur sy veroordeling in die plek van sondaars onder Pontius Pilatus (Joh. 18,19) 'n dubbele boekhoustelsel oopgemaak vir die voltrekking van Christus se oordeel: die grootboekstelsel en die kleinboekstelsel. Die grootboekstelsel word in Opg 20 genoem die “boeke” en die kleinboekstelsel “die ander boek”. In die grootboekstelsel word alles wat mense doen neergeskryf. Alles wat hulle goed óf sleg gedoen het, is in één boek, die boek van hulle wat klaar veroordeel is. Hoe jy God probeer dien het, hoe jy tot bekering probeer kom het, hoe jy jou sondes bely en jammer daarvoor was, hoe jy jou sondes probeer regmaak het deur daarvoor te probeer vergoed het, dis alles in die grootboekstelsel. Daarmee saam word ook al jou sondes wat jy gedoen het, in die grootboekstelsel neergeskryf. Alles wat jy gedoen het, is in die grootboekstelsel. In die kleinboekstelsel word net name, geen daed - nie goeies nie en ook nie slegtes nie - opgeteken. Dit is die verskil tussen Christus se twee boekhoustelsels. In die een word alle goeie en slegte daed neergeskryf. In die ander word geen daed, nie goed nie en ook nie sleg nie, net name geskryf. Wie glo dat God hulle volgens hulle daed moet oordeel, word volgens hulle daed veroordeel en gevonnissen - en dan alle daed, nie net sommige nie. Wie glo in Christus se veroordeling en die voltrekking van sy vonnis vir hul sonde in hul plek, word glad nie volgens enige goeie of slegte daed veroordeel of gevonnissen nie. Daarom is net hulle name in die boek van die lewe nodig. Vir hulle egter wat hulle op bekerings, oorgawes, gebede, vervullings en liefde vir God beroep, is die grootboekstelsel daar om te wys hulle is klaar volgens hulle daed veroordeel. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds Petrus.

Donderdag

Joh. 3: 16 -18; Joh. 5: 26-28; 1 Joh. 4: 16 – 19. Open. 20: 11- 15. Die doop met water in die naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees is 'n teken dat gelowiges en hul kinders skoon gewas is van hul sonde. Dit is net 'n teken dat ons deur die Here gewas is. Dit is nie die skoonwas self nie. Die manier waarop die Here ons van sonde skoonwas, word in die boek Openbaring twee keer soos volg beskryf: “Hulle het hulle klere gewas en dit wit gemaak in die bloed van die Lam” 7:14 en “Hulle het self die oorwinning oor hom behaal danksy die bloed van die Lam.” Opg 12:11. Ons word gewas in die bloed van die Lam. Dit maak ons skoon van ons sondes. Daarom doop ons met water om te wys dat ons en ons kinders skoon is van ons sonde. Die doop is 'n teken van die kleinboekstelsel van Christus. Wanneer jy in die bloed van die Lam gewas is, word net jou naam in die boek van die lewe geskryf. Gewas in die bloed van die Lam beteken dat die hofsitting oor al ons sondes afgehandel is in die veroordeling van Jesus Christus onder Pontius Pilatus; dat daar nooit in ons hele lewe 'n dag van afrekening tussen ons en God kan wees nie, want

ons dag van afrekening was Christus se lyding onder Pontius Pilatus. Rom. 8: 31 – 39. Daarom is die oordeelsdag wat kom ook nie vir ons 'n dag van gevangeneeming om die vonnis van ons sonde te gaan uitdien nie. Die doop is altyd 'n teken van die kleinboekstelsel van die Here - net name, want ons word nie volgens ons daade geoordeel nie! Hy is vir ons daade veroordeel en gevonniss. Die doop is die teken wat ons verseker: "Hierin het die liefde van God vir ons sy doel volkome bereik: ons het niks te vrees vir die oordeelsdag nie, want in hierdie wêreld lewe ons reeds deur die liefde, net soos Jesus." 1 Joh. 4: 17 Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds Petrus.

Vrydag

Joh. 3: 16 -18; Joh. 5: 26-28; 1 Joh. 4: 16 – 19. Open. 20: 11- 15. Daar is vandag wêreldwyd 'n diep woede by geestelikes teen die Here se kleinboekstelsel. Volgens hulle is die doop die teken dat jy tot bekering gekom het! Vir hulle wys die doop dat jy van jou sondes bekeer het, God in jou lewe ingenooi het en jou hart en lewe vir die Here gegee het. Die doop is vir hulle die teken van jou daade in God se grootboekstelsel! Hoekom? Want in hulle eie perverse gemoed glo hulle, hulle is God se boekhouders op aarde: hulle kan in God se grootboekstelsel jou slegte daade met jou bekerings laat uitbalanseer. Daardeur maak hulle die oordeelsdag weer vir gelowiges die dag van afrekening met God. Daar moet jy hoor of jou bekerings jou sondes finaal uitgebalanseer het. Daarom is die doop van kinders in hulle verwarde gemoed die teken dat ouers en hul kinders se name in die grootboekstelsel van God is: die ouers moet kinders goed grootmaak en kinders moet tot bekering kom. Party geestelike boekhouders leer dat God jou nou sommer gelyktydig in die groot- en kleinboekstelsel opskryf. Hulle sê die doop is 'n teken dat jy naam in die boek van die lewe is, maar jou daade word ook in die groot boeke geskryf. Daarom moet jy nou elke keer as jy tot bekering kom, met hulle nuwe waterrituele gewas word, al is jy gedoop. Ons dra egter die doop as teken dat net ons name in die boek van die lewe is. Ons daade word nêrens opgeteken en nooit verreken nie. Ons daade is verreken toe Christus in ons plek veroordeel was. Geestelikes en hul kliënte is klaar veroordeel deur hul bekerings en vervullings omdat hulle nie in God se kleinboekstelsel, Christus, glo nie. Preek op Google by ngkerklevubu.co.za Ds Petrus.

Sent from my Samsung Galaxy smartphone.

Skriflesing Joh. 3: 16 -18; Joh. 5: 26-28; 1 Joh. 4: 16 – 19. Open. 20: 11- 15. Tema "Die oordeel vir ons sonde is oor Christus gevel. Daarom is daar geen vonnis wat ons met die oordeelsdag sal moet uitdien nie." Daar is 'n groot verskil tussen die hofsaak waarin jy aangekla, ondersoek en veroordeel word, en die inhegtenisname vir die uitdien van die tronkstraf. Die een gaan oor die hofsitting waar in die vonnis gevel word, die ander oor die gevange neem en opname in die tronk om die vonnis uit te dien. Die oordeelsdag van Joh. 20 is nie die hofsaak van God oor sonde nie. Dit is die inhegtenisname en opname in die tronk van God van hulle wat klaar

gevonnis is om die tronkstraf uit te dien. Die oordeelsdag van Openbaring 20 wat nog kom, is nie weer 'n hofsitting van God oor sondaars nie. Die oordeelsdag wat kom, is die inbring van hulle wat klaar veroordeel is om hulle tronkstraf uit te dien. God gaan werklik hierdie huidige aardse bedeling waarin ons leef afsluit met die voltrekking van God se oordeel oor elke mens wat van die begin van die skepping af geleef en gesterf het. Dit is die openbaring van die mag van Jesus Christus oor hierdie wêreld wat in hoofstuk 20 verse 11 tot 15 aangekondig word. Die regter in hierdie voltrekking van die tronkstraf is Jesus Christus self. Hy is die Een wat op die groot wit troon die inhegtenisname vir die tronkstraf inwerking stel. Dit doen die Here Jesus Christus deur elke mens weer uit die dood op te wek om mens te wees. Hy het die mag om hulle wat veroordeel is, gevange te laat neem en in God se tronk op te neem om hul vonnis uit te dien. Die dood en doderyk is nie of die tronk nie en is ook nie 'n manier om die tronkstraf te ontsnap nie. Open.5:13 Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za ds. Petrus

Dinsdag

Joh. 3: 16 -18; Joh. 5: 26-28; 1 Joh. 4: 16 – 19. Open. 20: 11- 15. Tema “Die oordeel vir ons sonde is oor Christus gevel. Daarom is daar geen vonnis wat ons met die oordeelsdag sal moet uitdien nie.” Die verrassing van Christus se koms in Bethlehem is dat Hy gekom het om die veroordeelde sondaar vir sondaars te word: “God het nie sy Seun na die wêreld toe gestuur om die wêreld te veroordeel nie, maar sodat die wêreld deur Hom gered kan word. Wie in die Seun glo, word nie veroordeel nie; wie nie glo nie, is reeds veroordeel omdat hy nie in die enigste Seun van God glo nie.” Joh.3:17,18. God se hofsaak teen sondaars het met Christus voor Pontius Pilatus plaasgevind. (Joh.18:28 – 19:16) Christus se veroordeling as sondaar maak die onderskeid tussen wie nie deur God ooit veroordeel word nie en wie klaar veroordeel is. Wie in Christus glo word nooit self veroordeel nie en wie nie in Jesus Christus glo nie, is klaar veroordeel. God se hofsaak teen sondaars het klaar gedien. Die ondersoek en verhoor is afgehandel, en die uitspraak is klaar gegee. Christus se wederkoms in Open. 20 is die inwerkingstelling van die vonnis wat klaar gevel is. Die boeke wat hier oopgemaak word, is nie 'n hofsitting wat weer oorgehou word nie. Dit is net die oopmaak van die afgehandelde hofrekords vir die inwerkingstelling van die tronkstraf wat uitgedien moet word. Die oordeelsdag is die dag wanneer die oordeel wat klaar gevel is in die veroordeling van Christus, uitgevoer word met die opname in God se tronk: hulle wat klaar veroordeel is sal Christus in die vuurpoel van godverlatenheid gooi en hulle wat in Hom glo, sal Hy vir ewig met Hom laat leef sonder enige oordeel ooit. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za ds. Petrus

Woensdag

Joh. 3: 16 -18; Joh. 5: 26-28; 1 Joh. 4: 16 – 19. Open. 20: 11- 15. Christus het deur sy veroordeling in die plek van sondaars onder Pontius Pilatus (Joh. 18,19) 'n dubbele boekhoustelsel oopgemaak vir die voltrekking van Christus se oordeel: die grootboekstelsel en die kleinboekstelsel. Die grootboekstelsel word in Open. 20

genoem die “boeke” en die kleinboekstelsel “die ander boek”. In die grootboekstelsel word alles wat mense doen neergeskryf. Alles wat hulle goed óf sleg gedoen het, is in één boek, die boek van hulle wat klaar veroordeel is. Hoe jy God probeer dien het, hoe jy tot bekering probeer kom het, hoe jy jou sondes bely en jammer daarvoor was, hoe jy jou sondes probeer regmaak het deur daarvoor te probeer vergoed het, is in die grootboekstelsel. Daarmee saam word ook al jou sondes wat jy gedoen het, in die grootboekstelsel neergeskryf. Alles wat jy gedoen het, is in die grootboekstelsel. In die kleinboekstelsel word net name, geen daade, nie goeies nie en ook nie slegtes opgeteken nie. Dit is die verskil tussen Christus se twee boekhoustelsels. In die een word alle goeie en slegte daade neergeskryf. In die ander word geen daade, nie goed nie en ook nie sleg nie, net name geskryf. Wie glo dat God hulle volgens hulle daade moet oordeel, word volgens hulle daade veroordeel en gevonnies, maar alle daade, nie net sommige nie. Wie glo in Christus se veroordeling en die voltrekking van sy vonnis vir hul sonde in hul plek, word glad nie volgens enige goeie of slegte daade veroordeel of gevonnies nie. Daarom is net hulle name in die boek van die lewe nodig. Vir hulle egter wat hulle op bekerings, oorgawes, gebede, vervullings en liefde vir God beroep, is die grootboekstelsel daar om te wys hulle is klaar volgens hulle daade veroordeel. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za ds. Petrus

Donderdag

Joh. 3: 16 -18; Joh. 5: 26-28; 1 Joh. 4: 16 – 19. Open. 20: 11- 15. Die doop met water in die naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees is 'n teken dat gelowiges en hul kinders skoon gewas is van hul sonde. Dit is net 'n teken dat ons deur die Here gewas is. Dit is nie die skoonwas self nie. Die manier waarop die Here ons van sonde skoonwas, word in die boek Openbaring twee keer soos volg beskryf: “Hulle het hulle klere gewas en dit wit gemaak in die bloed van die Lam” 7:14 en “Hulle het self die oorwinning oor hom behaal danksy die bloed van die Lam.” Open 12:11. Ons word gewas in die bloed van die Lam. Dit maak ons skoon van ons sondes. Daarom doop ons met water om te wys dat ons en ons kinders skoon is van ons sonde. Die doop is 'n teken van die kleinboekstelsel van Christus. Wanneer jy in die bloed van die Lam gewas is, word net jou naam in die boek van die lewe geskryf. Gewas in die bloed van die Lam beteken dat die hofsitting oor al ons sondes afgehandel is in die veroordeling van Jesus Christus onder Pontius Pilatus; dat daar nooit in ons hele lewe 'n dag van afrekening tussen ons en God kan wees nie, want ons dag van afrekening was Christus se lyding onder Pontius Pilatus. Rom. 8: 31 – 39. Daarom is die oordeelsdag wat kom ook nie vir ons 'n dag van gevangeneeming om die vonnis van ons sonde te gaan uitdien nie. Die doop is altyd 'n teken van die kleinboekstel van die Here - net name, want ons word nie volgens ons daade geoordeel nie! Hy is vir ons daade veroordeel en gevonnies. Die doop is die teken wat ons verseker: “Hierin het die liefde van God vir ons sy doel volkome bereik: ons het niks te vrees vir die oordeelsdag nie, want in hierdie wêreld lewe ons reeds deur die liefde, net soos Jesus.” 1 Joh. 4: 17 Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za ds. Petrus

Vrydag

Joh. 3: 16 -18; Joh. 5: 26-28; 1 Joh. 4: 16 – 19. Open. 20: 11- 15. Daar is vandag wêreldwyd 'n diep woede by geestelikes teen die Here se kleinboekstelsel. Volgens hulle is die doop die teken dat jy tot bekering gekom het! Vir hulle wys die doop dat jy van jou sondes bekeer het, God in jou lewe ingenooi het en jou hart en lewe vir die Here gegee het. Die doop is vir hulle die teken van jou daad in God se grootboekstelsel! Hoekom? Want in hulle eie perverse gemoed glo hulle hulle is God se boekhouers op aarde: hulle kan in God se grootboekstelsel jou slegte daad met jou bekerings laat uitbalanseer. Daardeur maak hulle die oordeelsdag weer vir gelowiges die dag van afrekening met God. Daar moet jy hoor of jou bekerings jou jou sondes finaal uitgebalanseer het. Daarom is die doop van kinders in hulle verwarde gemoed die teken dat ouers en hul kinders se name in die grootboekstelsel van God is: die ouers moet kinders goed grootmaak en kinders moet tot bekering kom. Party geestelike boekhouers leer dat God jou nou sommer gelyktydig in die groot- en kleinboekstelsel opskryf. Hulle sê die doop is 'n teken dat jy naam in die boek van die lewe is, maar jou daad word ook in die groot boeke geskryf. Daarom moet jy nou elke keer as jy tot bekering kom, met hulle nuwe waterrituele gewas word, al is jy gedoop. Ons dra egter die doop as teken dat net ons name in die boek van die lewe is. Ons daad word nêrens opgeteken en ooit verreken nie. Ons daad in verreken toe Christus in ons plek veroordeel was. Geestelikes en hul kliente is klaar veroordeel deur hul bekerings en vervullings omdat hulle nie in God se kleinboekstelsel, Christus, glo nie. Preek op Google by ngkerklevubu.co.za ds. Petrus